

Op hierdie kaart van Suid-Afrika wys die **sleutel** vir ons waar die land en die see is.




Planne wys nie mense of dinge wat rondbeweeg nie. Dit wys net dinge wat 'n vaste posisie het.

Onthou jy nog die klaskamerplan op bladsy 25? Hierdie is 'n soortgelyke plan, maar dit gebruik simbole en 'n sleutel om te verduidelik waar dinge is.




## Aktiwiteit

Teken 'n plan van jou klaskamer.

- Werk uit wat die vorm van die klaskamer is. Is dit byvoorbeeld vierkantig of reghoekig?
- Besluit watter simbole jy vir verskillende dinge gaan gebruik.
- Teken jou sleutel.
- Teken jou simbole op die plan. Kyk na waar dinge soos die deur en skryfbord is. Maak seker dat jy die regte aantal vensters, stoele en lessenaars aandui.